# Die Opstanding

Deur die innerlike word gedikteer aan:

**Louise Snyder**

Gedruk en geset deur:
**Ariël Drukkers**
Posbus 1130
Hartebeespoort,
0216
Tel: (012) 376 2532
3762999/7
Faks: 376 2983
e-pos: koerier@global. co. za
Webwerf: www.
nuweopenbaring. co. za

# <u>DIE OPSTANDING</u>

**In hierdie boek, die SEWENDE in `n reeks eindtyd openbaringe aan Louise Snyder, gaan ons dierbare Verlosser voort om ons bewus te maak van Sy groot verlossingsplan, asook die groot reinigingsproses wat ons as gelowiges sal moet deurmaak, sodat ons Hom, eerstens in die gees, en daarna met ons vleeslike oë, sal kan sien. Verder openbaar Hy diep verborgenhede van die Skrif aan ons, veral oor die komende eindtyd stryd wat voorlê.**

# H o o f s t u k  1

***10 Feb. 2008 05:57***

Daar is baie omtrent MY kruisiging gesê en EK het alles aan julle vertel van MY kruisiging, maar daar is min gesê oor MY opstanding. EK het aan julle vertel dat EK drie dae na MY kruisiging opgestaan het en dat MY kinders MY by die graf kom sien het. Nou wil EK vir julle vertel wat EK met hulle daar by die graf bespreek het ook. EK het die einde van tye met hulle bespreek, omdat EK die nodigheid daarvan ingesien het, al was die einde, waarin julle nou leef, nog baie vêr van hulle tyd af. EK het dit aan hulle vertel, omdat hulle ook vandag tussen julle wat hier is, teenwoordig is. Baie van julle wat nou hier lees, was ook daar by MY kruisiging en opstanding teenwoordig en het saam met MY besluit om weer na die aarde te kom, sodat julle julle broers in die verdrukking kan bystaan en hulle, met die lig wat in julle is, kan reghelp en op MY weg lei. Terwyl die wêreld om julle sy gang gaan, het baie van julle MY ernstig kom soek en MY ook gevind. EK laat MY egter vind deur die een wat MY ernstig soek en daarom het die eer julle te beurt geval om MY in julleself te ontdek. Dit het julle met baie vreugde vervul en nou wil julle ook meer weet omtrent julleself, omdat daar tog diep binne elke een iets is, wat vir julle sê dat daar ‘n lewe voorheen was, en dat dit nie die eerste keer is wat jy op die aarde is nie. Nou, elkeen van julle wat nou al voorheen van MY woorde gelees het, sal weet dat EK gesê het dat daar aan die einde van dae baie engelgeeste of ligwesens weer na die aarde sal kom, om die duisternis bietjie te kom opklaar en die duistere mense te help. Dink net daaraan en julle sal dit onthou. EK het dan ook met die mense van daardie tyd ‘n verbond aangegaan en hulle het besluit om MY weer op hierdie aarde te kom verteenwoordig. Hulle is tans tussen julle en sal die groot ligdraers tussen julle wees. EK sal aan hulle baie gawes gee, sodat hulle julle op die regte pad kan help en sodoende die leiding neem. Hulle sal die mense wees wat eerste met MY Een word en dan sal hulle julle daardeur help. Maar dit is nie te sê dat julle alles en almal moet glo wat vertel dat hy die of

daardie een was nie, omdat dit nie nodig is vir iemand om te weet wie hy of iemand anders was nie. EK sal dit bekend maak aan wie EK wil en dan moet daardie persoon nie rondloop en daaroor spog nie. Ook is daar nie so iets soos iemand wat spesiaal behandel moet word, omdat EK gesê het dat hy iemand uit die Bybelse tyd was nie. Julle almal wat MY gesoek het en gevind het, al was julle iemand of nie iemand in die verlede nie, het die plig om MY mense na MY te lei en daarom wil EK net vir julle sê dat julle nie julle pligte moet versuim, omdat jy die hele tyd net aan jou vorige lewe dink nie. Gaan aan en doen MY werk. Gaan arbei in MY wingerd en bring MY druiwe vir MY, sodat EK dit kan bewerk. Julle wat MY ken, sal weet dat dit die waarheid is, wanneer julle MY in julle harte daarvoor vra.

Amen.

# Hoofstuk 2

***10 Feb. 2008 06:12***

In die vorige hoofstuk het Ek vir julle vertel van die mense wat teenwoordig was en daarmee ook saam dat hulle almal vandag weer hier op die aardbodem is. EK sal egter aan julle so bietjie meer vertel. EK het elke mens wat daar was, so versterk met MY innerlike Gees, dat hulle almal bereid was om dood te gaan vir MY. Nou, die doodgaan vir MY is nie waaroor dit vir MY gaan nie. EK wil nie altyd hê dat mense hulle liefde vir MY moet bewys deur dood te gaan vir MY nie. EK ken elke een se hart en weet daarom wat daarbinne aan die gang is en hoe groot die liefde daarbinne vir MY is. Maar die rede dat EK van hulle gevra het om vir MY te sterf, is ook nie omdat EK vir hulle gesterf het nie, maar net om hulle broers te oortuig, dat die saak waarvoor hulle sterf, ‘n baie belangrike saak is en ook die waarheid is. As iemand ‘n saak verdedig tot die bloed loop, sal die ander party later moet glo dat dit waar is. Jy sal tog nie ‘n feëverhaal met die dood verdedig nie, sal jy? Maar die reine waarheid sal jy met die dood verdedig, as jy self die inbors het om so iets te doen. EK het egter daardie mense so versterk en hulle het dan ook vir MY gesterf en

tydens die marteling van MY kinders, het baie ander mense ook tot inkeer gekom, omdat hulle nie kon glo dat mense, onsin só sou verdedig nie. Dit was dan MY plan en hulle het almal daarvan geweet voor die tyd en het ook ingestem, al kon hulle deur hulle sterwe dan net een mens red. EK het egter gesorg dat baie mense se oë oopgaan en hulle het die martelare tot in die dood gevolg, waar hulle ook so deur MY beloon is met die ewige lewe. Derduisende mense sal nou ook weer so gered word deur julle onbaatsugtige lewe en sterwe. Wanneer die Antichris sy verskyning maak, sal daar baie wees wat hom volg, omdat hulle bang is vir hulle aardse lewens en omdat hulle nie seker is van ‘n lewe hierna nie, maar deurdat julle nie ‘n duit sal omgee vir julle aardse lewens nie, sal hulle deur julle oortuig word om tot die ewige lewe oor te gaan. MY kinders, die Antichris is hier tussen julle en hy sal sy verskyning maak, net na die groot ramp wat die aarde gaan tref. EK sal julle almal se oë oopmaak en julle sal hom in die gees herken en weét dat dit hy is. Net soos wat julle sal weet dat die persoon wie EK na julle sal stuur, die boodskapper en voorloper is, so sal julle weet wie die Antichris is. EK sal MY GEES vaardig oor julle maak, sodat julle die dinge van die gees sal verstaan en sodoende nie meer ’n vrees sal hê vir die dood en sy metgeselle nie. Dit is so dat die Antichris baie vriendelik sal wees en die mense sal help aan die begin, maar selfs wanneer hy sy goeie voetjie vir julle voorhou, sal julle hom herken en julle sal na MY haas en julleself versterk aan MY bors. Kom net na MY en EK sal julle alles leer en wys wat julle nodig het om die einde van tye heel anderkant uit te kom. Dit beteken nie dat julle nie sal sterf aan die hand van die Antichris en sy metgeselle nie, alhoewel EK baie mense sal beskerm tot die einde, om MY koms op die wolke te sien en sodoende na die nuwe aarde te gaan, maar dit beteken dat daar wel baie van julle sal wees wat vir MY saak sal sterf en dit gewillig en vol vreugde sal doen. EK sal julle egter van al die nodige krag voorsien en julle sal almal na MY kom en nie een sal verlore gaan nie. Deur julle leiding sal baie ander na MY gelei word en ook die ewige lewe ontvang. EK sal julle, wat julle lewens vir MY gegee het, uiters daarvoor beloon en julle sal nooit spyt wees dat julle dit opgegee het vir MY nie. Alles sal vir julle meer duidelik word as

julle eers Een met MY is en julle sal dan niks meer te vrese hê nie. Daarom sê EK dat julle Een met MY moet word op die aarde omdat julle dan niks meer sal vrees nie en die weg vir MY met ‘n geruste gemoed kan stap en niks twyfel nie. Kom na MY!

Amen.

# Hoofstuk 3

***10 Feb.2008 08:11***

EK, julle Jahshua, het al in die verlede vir julle gesê dat alles wat EK vir julle sê die waarheid is. MY kinders, EK sien dat daar nog baie is wat twyfel of EK in hierdie tyd weer met julle sal praat en of dit werklik van MY af kom. EK het met MY opstanding ook mense gekry wat getwyfel het of dit werklik EK is wat hier voor hulle staan en hulle toespreek. Dan het EK MY spykerwonde aan hulle gewys en hulle het die merke gesien en dit het hulle heeltemal daarvan oortuig dat dit werklik EK is wat hier voor hulle staan. Na die kruisiging het hulle MY gebroke liggaam onthou en dan was daar vir hulle nie meer hoop oor nie. Dit het hulle geglo. Wie kan, na so ‘n verminking, nog leef of opstaan? Alhoewel hulle in MY geglo het, was hulle maar nog steeds vasgevang in hulle liggame en die liggaam kon nie verstaan soos die hart nie. Die hart verstaan dat daar hoop is, al lyk dit hoe donker, maar die verstand of liggaam kan dit nie insien nie. Daarom dan ook die twyfel. In vandag se tyd is daar mense wat twyfel of EK in MY Almag en Grootheid ooit weer met julle sal praat, omdat daar mos alreeds ‘n Woord of Bybel van MY bestaan. Hoekom sal die Grote GOD HOMSELF so verlaag om weer met ons mensekinders te praat? Al die reëls is mos in die Bybel aangeteken en dit is mos nie nodig vir nuwe openbaringe nie? Maar daar maak die twyfelaars die grootste fout van hulle lewe, want EK, julle Vader, is dan nog van alle tye by julle. EK sien elke ding wat gebeur en EK weet van elke klein nietige dingetjie wat jy doen. EK weet ook van al die groot dinge wat voor die deur lê en EK weet hoe julle harte gesteld is en of julle die groot dinge sal kan verdra met die bietjie geloof wat julle het. EK weet dat julle

almal se geloof so swak is en dat julle dit nie sal kan verdra nie en daarom het EK weer na die aarde gekom in die vorm van MY openbaringe en sal dit bekend maak aan die wat dit wil hê en ‘n sterk verlange na MY het. EK wil net die lok wat gelok wil word en die ander wat twyfel en hulleself nie vir MY liefde wil ontbloot nie, moet maar sonder MY Stem verder gaan en tevrede wees met die boodskappe wat tweedehands aan hulle gegee word deur die Bybel wat al die jare daar was vir julle. EK wil nou met elke een spreek wat MY wil hoor en EK sál ook. As julle MY stem wil hoor, sal EK met julle praat, maar die wat nie MY stem wil hoor nie, omdat hy aan die ou dinge glo, sal dan ook soos die volk van ouds deur MY profete aangespreek word. Maar EK sê vir julle dat dit die beste is om MY woord eerstehands uit MY eie gewyde mond te hoor, omdat niemand dan vir jou verkeerde dinge kan sê nie. Nadat EK opgestaan het, het daar van die vroue wat teenwoordig was by MY graf, na die ander gehardloop en hulle vertel dat EK opgestaan het, en die ontvangs was nie so goed nie, aangesien daar baie was wat gedink het dat die vroue mal was en het getwyfel in hulle woord. Maar nadat hulle hulleself daarvan oortuig het en MY self aanskou het, het hulle ook onwrikbaar geglo. Daarom wil EK ook vir al die twyfelaars sê dat hulle MY self ook moet kom soek en vra of EK met hulle ook sal praat, sodat EK ook aan hulle kan wys dat EK nog na al die jare leef en in elkeen se hart is. Die wat glo dat EK nie op so ‘n wyse met julle sal spreek nie, sal diep teleurgesteld moet omdraai, omdat EK net met die praat wat MY in hulle harte soek. EK praat nie van buite nie, omdat EK binne is. EK lewe dan in jou hart, hoekom moet EK dan van buitekant af met jou praat, sodat jy MY met jou ore kan hoor? Open jou geestelike oor en jy sal MY hoor en niemand sal jou van iets anders kan oortuig nie. Die satan kan van buite af met julle kommunikeer en praat in julle verstande, maar EK praat direk in die hart en daarin kan jy MY toets. EK sal sag praat, sodat jy MY moet hoor in die diepe liefde van jou hart, maar die satan praat hard en ongenaakbaar en ook nie in die hart nie. Kom soek MY in jou binneste en nie van buite af nie. EK is in die Gees, nie die vlees nie. Die Gees is in jou en daarom sal MY stem dan ook binne jou weerklink. EK spreek van liefde vir MY en jou naaste en dit is die bewys, soos wat EK MY spykermerke aan

die mense gewys het as bewys dat dit EK was. Dit is die bewys dat dit werklik EK is, omdat niemand behalwe EK, die liefde verkondig nie. Satan verkondig die eieliefde en die vertrapping van jou naaste en daarom kan elkeen maar met ‘n geruste hart glo dat dit EK is wat spreek, omdat die boom die regte vrugte dra. EK kom na die onvolmaaktes, omdat die volmaaktes nie op die aarde kan bestaan nie. Het julle al ooit ‘n volmaakte mens gesien? In MY koninkryk ja, maar nie op aarde nie en tog het EK na die onvolmaakte aarde gekom en onvolmaakte mense gekies vir MY dissipels. EK het onvolmaakte mense gebruik om MY volk uit Egipteland uit te lei. As Moses volmaak was, sou hy mos die beloofde land kon ingaan, nie waar nie? As Dawid volmaak was, sou hy mos nie laat moord pleeg vir ‘n vrou nie? As Maria Magdalena volmaak was, sou dit nie vir MY nodig gewees het om sewe duiwels uit haar te dryf nie? En waarom sou EK dan na die aarde toe moes kom en nog sterwe vir onvolmaaktes. As EK nie met onvolmaaktes sal praat nie, waarom sal EK dan vir onvolmaaktes sterf, wat nog baie erger is as om met ‘n onvolmaakte te praat. Dink ‘n bietjie hieroor na, julle almal wat twyfel en weet dat EK in hierdie tyd weer met julle praat en kom soek na MY stem wat ook binne jou sal weerklink as jy MY met nederigheid vra, voor dit te laat is. MY Stem sal net weerklink in die wat MY kan hoor. Die wat dit wegklap, sal nie MY stem kan hoor wanneer EK julle sal uitlei nie en sal dan moet agterbly. EK roep julle weer: Kom na MY en EK sal met julle praat. Dit belowe EK julle almal wat MY met opregte harte soek.

Amen

# Hoofstuk 4

***10 Feb.2008 08:43***

Kom na MY sodat EK julle laste kan dra. EK het dit al baie vir julle gesê, maar daar is nog so baie wat hulle eie laste wil dra deurdat hulle nog bekommerd is ook dinge wat so maklik is vir MY om te dra. EK sal alles op MY skouers vat en die pad sal jy verder stap sonder daardie las op jou skouers. Julle weet nie hoe maklik dit

vir MY is om julle klein laste te dra nie. EK is Almagtig en waarom sal dit vir MY moeilik wees om aan jou te gee wat jy nodig het? Baie keer is julle in geldelike moeilikheid en dan kom vra julle MY, net om daarna die telefoon op te tel en dan iemand vir geld te vra. EK sal dit SELF vir julle gee en julle hoef nie vir mense te vra nie. EK sal aan julle voorsien, en waarom wil julle, julle hoop op iemand anders stel? Is EK nie die EEN wat alles in MY Hande het nie.? EK kan maak en breek soos wat EK wil en EK kan 'n ryke plotseling arm maak en 'n arme plotseling ryk maak. Kyk net hoe EK voorsien vir die wat MY regtig liefhet en MY in alles, eerste soek. EK sê: "Soek allereers die koninkryk van MY Vader en alles sal vir julle bygevoeg word." Dit het ek aan my dissipels gesê toe EK op die aarde was saam met hulle en julle is MY moderne dissipels en daarom sê EK dit nou ook weer vir julle. EK het opgestaan en daardie rots is deur niemand behalwe deur MYSELF daar weggeskuif nie. Niemand sou die krag gehad het om hom self daar weg te skuif nie, omdat die vrouens wat daar aangekom het, nie so sterk was nie. EK het dit vir hulle weggeskuif, nog voordat hulle daar was. Omdat hulle MY eer gesoek het en aan MY gedink het, het EK ook die rots vir hulle weggeskuif, sodat hulle met hulle eie oë kon sien dat Ek nie meer in die donker grafkelder was nie. Ek kon netsowel die rots daar gelos het en deur die rots gegaan het, omdat MY liggaam al vergeestelik was, maar ter wille van hulle wat MY kom soek het, is die rots weggeskuif. Daarom sê EK ook vir julle; Kom soek na MY en EK sal elke rots in jou weg vir jou wegrol sodat jy kan sien dat EK alleen die Enigste en grootste is. Kom na MY, kom soek MY eer en kom dien MY en EK sal die klippe en rotsblokke vir jou uit die weg ruim. Of dit nou geld is wat jy nodig het, of kos of klere, dit maak nie vir MY saak nie, want dit is vir MY om't ewe. EK hou alles in MY Hande vas en kan daarom vir julle alles gee wat julle nodig het om MY arbeid te verrig. As EK jou 'n taak gee om te doen, sal EK ook vir jou die dinge gee wat jy nodig het in die verrigting daarvan. Dit is ook 'n belofte van MY aan julle vir wie EK opgestaan het uit die dode.

Amen

# Hoofstuk 5

***11 Feb.2008 07:15***

In My grote liefde vir julle is daar niks wat julle van MY af weg kan trek nie. EK is die Enigste wat julle in MY hande kan vashou en niemand kan julle daaruit haal nie. Wanneer iemand in die hande van die bose is, kan EK hom daaruit haal as EK wil en niemand kan daaraan iets doen nie. So is dit dan ook MY wil gewees om MY siele uit die doderyk te gaan haal en uit die hande van die bose te gaan haal. Hulle het geveg om MY nie daar toe te laat nie, maar dit het niks gehelp nie, soos wat julle alreeds weet. Nadat EK MY uittrede uit die hel gemaak het, het EK al MY siele saamgevat en hulle is almal verlos van die bose, waar hulle in My paradys te lande gekom het. EK het hulle saggies daarheen gelei en het hulle daar geplaas met ‘n doel. Daardie mense is in die gees besig om julle by te staan en sommiges van julle is ook teenwoordig as mense hier tussen julle. Dit is baie belangrik, omdat EK wil hê dat julle mekaar met respek en liefde moet behandel, omdat jy nooit weet wie die persoon is wat hier voor jou staan nie. Nadat EK egter opgestaan het, het EK baie van daardie mense onder MY volk ingestuur en hulle het ook baie tot bekering gebring. EK het dit dan ook toegelaat, omdat die wêreld buitengewoon boos geword het en hulp baie nodig gehad het. Nou is dit ook so en daarom het EK weer baie van daardie mense hierheen gestuur om julle by te staan. EK weet wat vir julle wag en daarom doen EK dit. Ook die feit dat EK dinge baie keer oor en oor aan julle sê, moet dit vir julle beklemtoon dat die einde van tye naby is. Dit is so naby dat julle dit nie sal kan verdra wanneer EK dit vir julle sê nie. EK gee nooit tye nie, maar sal vir julle kan sê dat dit geen honderd jaar meer is nie. Daar is selfs nie eers meer vyftien jaar oor nie, en dit is nie die skatting van ‘n mens nie, maar die Woorde van julle Enigste Verlosser. Glo dit nou en weet dat dit die waarheid is. EK sien dat daar baie van julle is wat nou hier lees wat ongelukkig is daaroor en dat julle nie gedink het dat die tyd só kort sal wees nie. EK het julle al vertel dat die einde van tye buitengewoon boos is en dat die hele skepping vra vir MY wederkoms en vir almal wat soveel gely het, sal daar ‘n einde aan

gemaak word. Die sieledeeltjies wat in die diepte van die aarde versmag en om MY hulp en vergelding smeek, sal verlos word daarvan en hulle sal ook weer kan uitkom en weer nuwe lewe op die aardbodem verteenwoordig. EK sal die wat hulle lewens verspeel het en nie ag geslaan het op MY woorde nie, weer na die dieptes laat daal waar hulle weer in die diepte van die aarde om hulp sal roep, maar EK sal nie antwoord nie, omdat hulle MY nie wou antwoord toe EK hulle geroep het nie. Dit klink vir julle wreed, maar EK, in MY alwysheid is regverdig en roep al baie lank na almal wat hier op aarde is. EK sal voorwaar nie onregverdig en ongenadig wees nie en sal elkeen volgens sy werke en liefde vir MY oordeel, maar die wat ongenadig teenoor MYNE sal wees in die geloofstryd, sal ook ongenadig deur MY behandel word. Die wat deur MY na al die mense gestuur word, sal MY blye boodskap aan almal bring en hulle sal probeer red wat daar nog te redde is. Maar wanneer hulle sleg behandel word deur die mense, sal daar van hulle vergelding geëis word. MY kinders, gee júlle ag op MY woorde, sodat julle gered kan word, want soos wat EK herhaaldelike kere aan julle gesê het, is die einde in sig en niemand sal dit kan keer nie. Dink hieroor na en weet dat elke dag die einde van tye bespoedig en dat dit nog ‘n dag nader aan MY wederkoms is.

Amen

# Hoofstuk 6

***11 Feb.2008 07:38***

Jahshua sê dat ek nie verder moet tik nie en roep my om in die gees na HOM te kom. HY staan voor my en ek sien HY gee my ‘n lammetjie met ‘n rooi lint en ‘n klok om sy nekkie. Op die klok staan geskryf: EK is die Enigste Lam. Net MY bloed kan verlos”. Dan speel ek met die lammetjie en vryf hom en hy begin later te spring en speel net soos ‘n gewone lammetjie. Hy kyk na my en blêr en dan begin hy te hardloop tot op ‘n plek en blêr dan weer en dit lyk of hy my roep, want hy hardloop dan weer verder net wanneer ek naby hom kom. Jahshua sê vir my dat ek hom moet

volg, want hy wil my iets wys. Hy hardloop teen ‘n berg op en gaan staan op ‘n berglys. Ek gaan ook daar na hom toe en hy gaan nog hoër, gaan staan dan stil en wag tot ek by hom is. So lei hy my tot op die hoogste piek en ek sien dat die piek baie smal is. Direk agter my en die lammetjie is dit weer afdraande en baie sneeu. Die voorkant egter is ‘n baie mooi uitsig en die son skyn daar. Dis baie hoog. Die lammetjie draai dan om en hardloop teen die sneeu gedeelte af en ek volg hom weer. So vêr as wat hy hardloop, smelt die sneeu en skyn die son daar terwyl dit nog sneeu voor hom is. Daar is ‘n rivier en die lammetjie hardloop oor die rivier wat skielik ‘n soliede hout word vir my om oor te hardloop. HY hardloop teen ‘n ander berg op tot by ‘n hut wat mooi verskuil daar tussen die bosse sit. Skielik is ons in die hut en ek sit op ‘n lekker gemakstoel voor ‘n vuurherd met ‘n kombers om my bene en ‘n stomende koppie drinkgoed in my hande. Ek sien dat Jahshua ook in die hut is en ek is baie bly daaroor. HY is die hele tyd teenwoordig. EK sit saam met Jahshua op ‘n stoel voor die vuur en buite is dit onweer en koud, maar binne in die hut is dit lekker knus. (Dit laat my dink aan ‘n Psalm waar daar staan: HY steek my weg in SY hut in die dag van onheil.” En :”HY is my bergvesting”)

**Jahshua dikteer:**

EK is die Lam, die Enigste wat verlos en net MY bloed het mense uit die hel verlos, sal hulle nog verlos en wil hulle nog verlos. EK is die weg, die waarheid en die lewe. Wie MY volg, volg die lewe en sal dan ook na veiligheid gelei word, oor berge en deur dale, oor riviere en mere en deur sneeu tot in die beskerming van MY Vaderarms, waar jy veilig en knus teen MY bors sal rus. EK het gesterwe en EK het weer opgestaan en dit beteken dat jy heeltemal veilig by MY is, want net EK kan die dood oorwin en die hel tot niet maak. Glo net en vertrou net, want EK sal julle nooit op verkeerde weë lei nie. Soos wat EK MY kneg gelei het tot op MY berg en haar gelei het deur dale en oor die rivier, so sal EK elke een lei tot elke liewe mens veilig by MY in MY hut verkeer, waar Ons Een sal wees. EK belowe die Eenheid aan elkeen van julle, as julle van goeie wil is en MY wil volg. Glo MY,

dit is die waarheid. Daar is baie dinge op aarde wat julle verstande besig hou, maar julle moet julle verstande kruisig en net na MY kom, wat elke mens se grootste verwagtinge sal oortref. EK het julle almal lief en die Lam wat geslag is, is ook vir julle geslag en SY bloed is genoeg om die hele mensdom te red van hulle oorgrote sondes teen MY. EK sal niemand agterlaat nie en as iemand huiwer, sal EK stilstaan om hom te oortuig om MY te volg. EK roep julle weer na MY toe, en as julle MY gevolg het, sal julle MY dan heeltemal kan sien soos wat EK is. Net soos wat sy eers ‘n lammetjie gesien het en later vir MY. Julle moet net vashou aan MY beloftes en hou aan om MY te volg, al lyk die weg vir julle steil en onbegaanbaar. EK sal julle oor elke hindernis neem en julle sal almal in MY hut aankom en Een met MY word. Daar in die hut wat EK vir elkeen berei het, sal niks kan inkom nie en MY teenwoordigheid sal die hele tyd daar wees. EK is in elke mens teenwoordig wat MY daar wil hê en MY daar soek en so sal julle dan ook die waarheid van hierdie stuk besef, hoe meer julle julle aan MY oorgee. EK sal julle die weg aanwys.

Amen.

## Hoofstuk 7

***12 Feb. 2008 05:32***

EK weet waarom EK sekere dinge doen en weet ook wie MY glo en wie nie. Daar was ‘n sekere man wat saam met MY op die aarde geleef het en hy was baie gelowig en godsdienstig, maar dit het hom aan die liefde vir MY ontbreek. Dit was die geval in baie mense se harte gewees, omdat die tempel die verkeerde indruk van MY geskep het by baie van die mense. EK het mos egter na die aarde gekom om die misverstande op te kom klaar en was ook van plan om hom daarmee te help. EK was op pad van Jerusalem na van MY ander kinders in die omtrek, toe EK hom op die pad tegemoet kom. Hy het nie geweet wie EK was nie en sou verby geloop het, maar ek het hom voorgekeer. Hy was verbaas om te hoor dat EK die Verlosser was, aangesien hy iemand groot en sterk, wat meer die liggaam van ‘n reus gehad

het, verwag het. EK kom egter nie in die vorm van mense na julle nie en sal aan julle verskyn soos wat EK aan julle wil verskyn. Julle almal sal MY graag wil sien, omdat julle MY liefhet, maar die beeld wat EK aanneem sal dikwels vir julle nie so mooi wees en nie soos wat julle verwag nie. EK het dan ook aan hierdie man verskyn as ‘n pateet, in sy oë. EK was kort en maer en het MYSELF so aan hom voorgedoen, omdat hy nie MY kruisiging waargeneem het en MY liggaam gesien het voordat EK gekruisig is nie. Hy is deur MY dissipels in ‘n ander stad bewerk en na MY gelei, hoewel hy MY nog nie heeltemal aangeneem het nie. Omdat hy MY nog nie liefgehad het soos wat hy moes of kon nie, het hy MY nie herken nie. Hy is eers later daarvan oortuig dat daar baie mag en krag in hierdie kort, klein outjie sit, soos wat hy aan MY gedink het. EK het egter sy geestesoog geopen en wou hom wys wie EK regtig was. Hy het die volgende gesien: `n Lam wat voor ‘n altaar staan, het hier reg voor hom in die pad opgedoem en met afgryse het hy gesien hoe hierdie Lam gegryp en met geweld doodgemaak word en met baie bloedvergieting en marteling, die gees gegee het. Met afgryse het hy gesê: “Hou tog net op, die lam het julle mos niks gemaak nie!” In daardie dae was dit nog gewoonte om te offer en die paaslam slag, was vir hulle niks gewees nie, maar die lammertjies is gewoonlik net gedood deur hulle te laat doodbloei en daar was nie soveel geweld by betrokke nie. Die man het nader gestorm en wou die lam uit die hande van die mense ruk en terwyl hy ruk, gebeur daar iets snaaks met hom. Sy oë word toe weer gesluit en hy kyk vas in My oë terwyl hy MY aan die arm trek. My kinders, sonder om eers twee keer te dink, het hy voor MY op die grond geval en geweet dat EK die Lam was wat geoffer is met groot geweld en marteling. Daarna het EK ook aan HOM verskyn soos wat EK gelyk het op aarde en hy kon MY spykermerke sien. Net daar is hy met groot liefde vir MY vervul en kon ook verstaan waarom hy MY nie in die eerste plek as ‘n sterk jong man sien, soos wat EK regtig gelyk het nie. Deur MY te sien soos wat EK gelyk het, sou hy My nie so lief gekry het soos wat hy gedoen het nie. Omdat EK nie soos ‘n koning gelyk het nie, kon hy MY lief kry, maar omdat hy gedink het dat EK soos ‘n koning moet lyk het hy MY heimlik gevrees, sonder dat hy MY al ooit gesien het. EK het

hierdie vrees van hom af weggeneem sonder dat hy dit geweet het en hy kon MY liefhê en nie slaafs aanbid soos wat hy sou doen as hy MY vroër ontmoet het nie. Daarom wys EK vir verskillende mense verskillende dinge omdat EK die innerlike van elkeen ken en weet wat om te doen sodat julle almal MY op die regte manier aanbid en lief kry. EK weet waarom EK sekeres se geestesoë al oopgemaak het en waarom nie. Julle moet MY net meer en meer liefkry en alles sal vir julle duidelik word. EK sal MYSELF aan julle elkeen openbaar soos wat EK weet, die beste is vir jou, en aan ‘n ander een sal EK MYSELF weer op ‘n ander manier toon. Moet daarom nie dink dat daar net een manier van doen is vir MY nie, omdat alle moontlikhede aan MY behoort. EK weet ook waarom party mense MY baie langer soek as ander, waarom party mense MY al jare dien en MY eers na baie jare regtig ontmoet en waarom party mense MY vinnig ontmoet en met krag vervul word. Julle moet net berus op die manier waarop EK met julle te werk gaan. Elke mens is vir MY spesiaal en hoe EK MY aan een openbaar, sal nie noodwendig dieselfde tot gevolg hê, soos wat die met ‘n ander sal gebeur nie. Daarom moet julle berus daarby as julle MY nog nie kan sien of hoor nie. EK weet waarom EK dit doen, maar dit beteken nou ook nie dat jy MY nie meer moet roep en smeek daarvoor nie. EK sal kom en waarom EK langer vat as by iemand anders, sal ook net EK weet. Maar wees gerus, alles sal uitwerk soos wat EK dit beplan en dit sal die grootste voordeel inhou vir die betrokke persoon. Met liefde sal EK kom op die tyd dat EK dit die beste ag.

Amen

# Hoofstuk 8

***12 Feb. 2008 06:18***

EK, julle Vader, sal julle nooit verlaat nie en sal altyd by julle bly. Dikwels voel dit vir julle of EK nie hier by julle is nie en dan raak julle so hartseer en bang omdat julle MY in julle binneste mis, maar daar is ook ‘n rede dat EK dit doen. EK verberg MYSELF net ‘n klein tydjie vir julle en sal dan na jou kom wanneer EK dit

nodig ag. Moenie dink dat EK nie julle gebede verhoor en julle oor sal laat aan die wolwe nie, want so iets is vêr van MY af om te doen. EK moet julle ‘n bietjie beproef en julle moet so bietjie na MY verlang, sodat julle die waarde van MY nabyheid weer kan besef. Wanneer EK die hele tyd in jou nabyheid is, sal jy later aan MY gewoond raak en maklik sondig omdat julle nog nie een met MY is nie, maar wanneer EK so bietjie MY aangesig vir julle verberg, sal julle dit weer baie waardeer wanneer EK MYSELF weer aan julle openbaar. Wees maar net gerus as dit vir jou voel of EK nie meer so by jou is, soos wat dit in die verlede al vir jou gevoel het nie. EK is hier by jou, maar jy sukkel net om MY te kan sien en hoor, omdat dit op daardie stadium goed is vir jou siel. Wanneer jy MY dan weer “vind”, sal jy dubbeld so vol vreugde wees as wanneer jy My die heletyd by jou gehad het. MY kleintjies, EK belowe dat EK weer na julle sal kom en Een met julle elkeen sal word. EK sal nie die een bo die ander verkies en julle daardeur hartseer maak nie. Moenie dink dat EK “witbroodjies” onder julle het nie. EK is vir elkeen net so lief as vir die ander een, maar die verskil kom in by die liefde en soeke wat elkeen na MY het. As almal MY tegelyk dieselfde hoeveelheid kom soek, sal almal MY ook dieselfde manier ontmoet en dieselfde geestelike groei hê, maar nou verskil julle lewensomstandighede en persoonlikhede so geweldig dat daar nie ‘n manier is vir julle om dieselfde te wees nie, en EK wil dit dan ook so hê. Elke een het sy spesiale plekkie in My Groot Vaderhart en daarom wil EK nie hê dat elkeen dieselfde moet wees nie. Julle verwag dit nie van julle eie kinders nie en julle wil dit dan nou ook nie so hê nie, nou waarom dink julle dat EK dit sal verwag? Nee. MY kinders, strewe elkeen net na MY op sy eie manier en lewe net vir MY en Ek sal na elkeen toe kom en Een met hom/haar word. Dit sal julle met julle eie oë sien gebeur. Gaan jou gang met liefde vir MY en jy sal MY binnekort in jou binneste hoor praat as jy MY nog nie kan hoor nie. Jy sal MY binnekort kan sien as jy MY nog nie kan sien nie en jy sal binnekort met MY Een word as jy nog nie met MY Een is nie. Dit belowe EK julle.

Amen.

# Hoofstuk 9

***13 Feb.2008 07:02***

EK gaan ‘n nuwe ding doen in julle land en EK gaan die hele wêreld stom van verbasing maak oor die nuwe dinge wat EK aan julle gaan gee. Die wêreld se tegnologie sal nie kan byhou met dit wat EK vir julle hier in MY land van die uitverkorenes gaan gee nie. Niemand wat vandag op aarde is, sal kan verstaan waar julle nou ewe skielik aan hierdie wonderlike nuwe dinge, waarvan die wetenskap nie eers geweet het nie, kom nie, aangesien julle land nog ‘n klein rukkie gelede in so ‘n slegte toestand was. Maar EK alleen gaan dit vir julle gee en julle sal almal baie bly wees oor dit wat EK aan julle sal gee. Net soos wat MY liggaam vergeestelik en wonderlik was na MY opstanding, sal EK julle land vol wonderlike dinge aan julle teruggee. Die tegnologie sal verbysterend wees vir die res van die wêreld en met jaloesie en afguns, sal hulle julle bejeën. EK sal aan julle maniere toon van dinge doen wat geen besoedeling vir MY aardbodem hoegenaamd meebring nie, en geen giftige gasse of afgeskeide stowwe sal MY aarde meer besmet nie. Dit sal EK vir díe gee wat MY bo alles liefhet en wat getrou aan MY gebly het tot die einde toe. Die groot stryd gaan binnekort begin en daar is tans baie van julle wat nou hier lees, wat baie opgewonde is. Dit is almal wat MY baie liefhet en nie kan wag vir MY om na julle te kom nie. Die mense wat dink dat julle net uit is op bloedvergieting, maak ‘n baie groot fout, omdat EK julle harte ken en weet dat dit nie so is nie. Julle almal weet al van MY vleeslike verskyning aan julle by Migdol en al die wonderlike dinge wat daarmee saamgaan en dit is die hoofrede vir julle opgewondenheid, en ook die feit dat julle vertrapping nou verby is. EK sal MY volk red van alles en hulle sondes is hulle vergewe en nou kan hulle met dank en liefde vir MY ‘n loflied sing. Julle wat alreeds vir MY ‘n danklied sing, is baie geseënd, omdat julle alreeds die oorwinning gesmaak het, voordat die stryd begin het. EK wil vir julle vertel van ‘n groepie mense wat MY baie liefhet. Die mense sing elke oggend en elke aand vir MY die mooiste lofgesange en in hulle harte is daar baie liefde vir MY te bespeur. Terwyl hulle sing, dwaal die boosheid

om hulle heen en beplan moord en dood op MY kinders wat daar teenwoordig is, maar wat hulle nie weet nie, is dat hulle eie dae getel is, omdat hulle eintlik teen MY opstaan. Raak aan My kinders en iemand raak aan MY! EK sal hulle self beskerm en die wat daar rondloop vir kwaadgeld en moord beplan, sal nie hulle planne kan laat geskied nie, omdat MY engele en EK SELF daar teenwoordig is. Daar word met afgryse geluister hoe hulle vir MY sing en met bang harte, maar vol haat, beplan hulle voort. MY engele het die bose al baie daar verjaag en terwyl hulle hardloop om weg te kom van die groot mans wat uit die huis uitgekom het, besluit hulle om nooit weer terug te gaan nie, net om die volgende dag met nuwe ywer en haat op hulle toe te sak en weer van voor af te beplan. EK is Almagtig en sal nie laat hulle planne geluk nie en niemand sal ‘n vinger aan een van MY kinders sit nie. Daardie groepie mense is baie geseënd, omdat hulle MY die hele dag aanroep en uit die diepte van hulle harte soek hulle na MY. Elkeen van hulle wat daar teenwoordig is, het MY dan ook al gevind en daardeur die grootste seëninge vir hulleself verwerf. EK sal almal wat graag by daardie groepie wil wees om MY te aanbid en te soek, daarheen bring en al wat jy moet doen om ook daarheen geneem te word, is om die wêreldse dinge af te sny en te kom. Volg MY en EK sal julle daarheen lei, omdat EK julle nie nou sal sê waar hulle geleë is nie. MY GEES sal net die opregtes van hart daarheen lei, sodat onreines en bose mense nie hulle voete daar sit nie. Dit is MY groepie van uitverkorenes en hulle sal in MY liefde daar gedy. Kom na MY en EK sal jou daarheen lei, omdat jy MY GEES liefhet en MY soek. EK wil julle vertel van alles wat EK vir julle gaan gee wanneer die groot stryd verby is en daar (by MY groepie) sal EK alles aan julle onthul. Al wat julle nodig het om daar te kan bly, is net MY liefde, omdat EK vir almal wat daar woon, sorg en niemand iets kortkom nie. Daar is alles wat julle nodig het en julle sal voorsien wees van alles, los net die wêreldse en kom! Vra MY en julle sal daarheen gelei word. Dit is ook ‘n belofte wat EK aan julle gemaak het en wat EK aan julle gestand sal doen.

Amen.

# Hoofstuk 10

***13 Feb.2008 07:29***

Alles wat julle ter wille van MY opgee, sal aan julle terug gegee word. EK het MY liggaam aan julle opgeoffer en na MY opstanding het EK MY liggaam in perfekte kondisie terug gekry. MY liggaam was totaal en al verheerlik en EK kon alles doen met MY liggaam wat ‘n normale mens kan doen en nog baie meer. EK was heeltemal GEES en tog het EK soos die vlees gelyk wanneer Ek wou. EK kon verdwyn en verskyn waar en hoe EK wou en EK was Almagtig in MY liggaamlike verskyning. Net so sal julle ook wees wanneer julle Een met MY is en julle sal alles kan volbring wat julle vir MY moet doen, terwyl julle die hele tyd die hemele geopen voor julle sal sien. EK sal julle almal wat wil, na die eenwording met MY lei en daar is tans ‘n hele paar van julle wat uiters naby is. EK sal julle almal genadig wees en julle julle foute uitwys, sodat julle werk daarvan kan maak en sodoende die Eenwording met MY vinniger kan bereik. EK sal julle help, omdat EK weet dat julle dit baie graag wil hê en uit die diepte van julle harte begeer. Die mens wat dit net wil bereik vir die voordele daarvan, sal egter eers tot besinning moet kom, omdat dit die verkeerde rede is en daarom nog dui op ‘n baie onryp siel en nie werd om Een met MY te wees nie. Sorg dat die regte rede die aansporing is vir jou om Een met MY te word. EK sal jou daarmee help en voor jy weet, is jy Een met MY. Kom na MY en EK sal jou wys en EK sal jou geestesoog sodoende open, sodat jy kan sien wat daarin verskuil lê. EK sal jou jou eie foute uitwys en die opregte van hart sal bly wees daaroor, omdat hy weet dat EK hom ‘n voorsprong gee. Die wat kwaad word as sy foute uitgewys word, is nog te onryp en dan ook baie dom, omdat hy dan nie sy eie foute wil sien om daaraan te werk nie. Die voleinding sal dan vir hom baie vêr wees omdat hy nie die regte dinge sal doen en homself sal verloën nie. Dit bring dan die uitstel van die Eenwording met MY tot gevolg en hy het dan net homself te blameer as hy MY nie vind en Een met MY word nie. Daarom moet julle nie omgekrap raak wanneer EK vir julle julle foute uitwys nie, omdat jy dan duidelik kan weet waar jou foute lê en ‘n

daadwerklike poging kan aanwend om dit reg te stel. EK sal julle nooit verneder vir MY eie plesier nie en niks is seerder vir MY, as julle Vader, om te sien hoe ‘n kind van MY ly nie, maar EK weet ook wat die gevolge van daardie lyding vir julle meebring en “knyp dan oë toe” en bring die lyding oor MY kind. EK weet dat EK julle nooit sal verlaat en julle sal oorlaat aan die kwaaiste lyding sonder om te help nie, maar julle weet dit nie en daarom pyn julle harte. Die pyn in julle harte, maak dan MY Vaderhart baie seer. Dit is soos wanneer ’n ouer sy kind vir die eerste keer skool toe stuur en die kind staan en huil by die skoolgebou se hek. Jy, as ouer weet dat dit moet geskied en stort self ‘n traan daaroor, maar jy laat hom maar huil, omdat jy weet dat dit vir hom die beste is. Dit is ook so met MY en EK huil saam met julle wanneer julle huil, maar sal dit nooit aan julle wys nie, omdat EK julle Vader is en julle eerder wil vertroos. EK sál elke een wat vertroos wil word, vertroos en EK sal julle help om so gou as moontlik van daardie doring in julle vlees verlos te word, sodat julle heeltemal rein en skoon voor MY kan kom staan en EK en jy Een kan word. Die Eenwording met MY is dan ook wat MY dissipels met hulle harte begeer het, en hulle het dit ook van MY ontvang toe EK MY GEES oor hulle uitgegiet het. Hulle het voorwaar vir MY gesterf, maar dit was uit vrye keuse en niemand kon hulle doodmaak sonder dat hulle nie hulle toestemming daarvoor gegee het nie. Toe MY Petrus deur die priesters vermoor is, het hulle hom om die bos probeer lei deur aan hom te sê dat hy saam met hulle moes gaan om ‘n siek kind te genees, maar hy het deur hulle gesien en het geweet wat hulle beplan. Hy het homself egter laat welgeval en saam met hulle gegaan en is deur hulle in ‘n bos om die lewe gebring terwyl hy MY geloof het vir die geleentheid om uit sy liggaam te kon kom en vir altyd by MY vergader te kon word. Dit sal vir julle ook so wees en die wat daarna verlang om na MY te kom en die aardse liggaam af te lê, sal deur MY begenadig word en hy/sy sal die liggaam aflê op enige manier wat daarvoor vereis word en sal by MYNE vergader word. Dit sê EK aan julle met die komende geloofstryd in gedagte. Word nou Een met MY voor die stryd in julle land begin en julle sal die seëning daarvan verkry en soos die arende oor die vyand sweef. Amen.

# Hoofstuk 11

***14 Feb.2008 08:10***

Wees dankbaar vir wat julle het, omdat daar baie is wat dit nie het nie en begeer om dit te hê. Daarmee praat EK nie van die aardse goedere nie, maar van die geestelike dinge wat EK aan julle gee. Daar is baie volke op hierdie aarde en hulle weet tog van die grootste Enigste Skepper van hemel en aarde. EK het dit ook aan hulle voorgeslagte bekendgemaak en almal van hulle wat hulle nog self afsonder van die westerse dinge, weet nog van MY en begeer om MY uitverkore volk te wees, maar EK het net een volk en dit is julle, MY kinders. Daar sal baie van die ander volke ook teenwoordig wees by Migdol, maar hulle is almal deel van MY verlore skapies wat teruggevind moet word. MY skapies het deur die eeue verlore geraak en moet weer versamel word. Daarom sal EK sekere mense uit julle volk uitkies om daarheen te gaan en MY skape weer terug te bring. Die taak sal nie moeilik wees nie, omdat die hele wêreld regop sal sit, na julle groot stryd verby is en EK julle die oorwinning gegee het. Hulle almal sal stomverbaas staan, omdat julle so min is en die haat teen julle so geweldig was en niemand gedink het dat die Boerevolk hierdie stryd sal oorleef nie. Die feit dat julle heel, en met baie krag aan die anderkant sal uitkom, sal hulle met nuwe moed besiel en hulle sal MY dan ook weer met hernude geloof aanroep en EK sal hulle ook verhoor. MY kinders, weereens sal julle lyding, ander na MY bring en julle sal juig omdat julle alles moes deurgaan. Al die swaar wat julle moes verdra, sal dan vir julle niks wees nie en julle sal vreeslik bly wees wanneer julle verlore broers weer by julle verenig is. EK sal daarom niemand wat MY nie werd is hierheen bring nie, maar net die wat vanuit ander lande na julle gekyk het en julle dopgehou het en met groot verlange hulle gebede na MY gerig het. Ek sal hulle gaan haal en hulle hierheen bring, waaroor hulle baie bly sal wees, aangesien hulle nie weet dat hulle ook hierheen mag kom nie. Dit is egter ‘n vae verlange in hulle elkeen se binneste en EK sal, omdat hulle MY ook aangeroep het, genade betoon. Daar staan geskryf dat die uitlanders sal nader kom en smeek om net die slip van ‘n Judeër

te mag aanraak en dit sal hulle ook kan doen. Wanneer MY arbeiders dan by hulle sal kom (en EK sal hulle net na die stuur wat MY gesoek het) sal hulle met blydskap ontvang word en hartlik ingenooi word in hulle huise. Hulle sal met aandag luister na wat MY arbeiders aan hulle vertel, in hulle eie taal en dan, sonder om eers twee maal te dink, sal hulle hulle volg hierheen. EK het MY maniere om hulle hierheen te bring en hulle sal nie nodig hê om duur vliegonkostes aan te gaan nie. MY GEES sal hulle hierheen bring waar hulle saam met julle sal jubel. MY kinders, julle weet nie hoe groot die lig is wat julle uitstraal nie en deur julle stryd sal julle lig nog meer vermeerder. Almal sien dit raak, net julle is self blind daarvoor en verstaan nie die haat jeens julle van regoor die wêreld nie. EK is hier teenwoordig en hulle sal agter julle aankom, omdat hulle na MY soek. Dit is dan ook die rede dat EK mense na ander lande sal stuur en elke een wat MY daarin wil help, sal dan ook die geleentheid kry om dit te doen. EK sal julle van alles voorsien sodat julle MY oes kan inbring. Amen.

# Hoofstuk 12

***14 Feb.2008 08:28***

MY boodskapper wat vir julle MY woord sal bring, is in julle midde en hy sal binnekort na julle almal kom, sodat julle met MY krag vervul sal word vir die groot stryd wat voorlê. Julle almal sal hom sien en weet dat dit hy is sonder dat hy ‘n woord aan julle sê. Dit sê EK weer vir julle, aangesien julle dit dalk al vergeet het en nie kan onthou dat EK dit by ‘n vorige geleentheid gesê het nie. Die rede dat EK dit weer vir julle sê, is omdat dit baie dringend geword het en julle tyd in die land baie kort geword het. EK sal julle elkeen van krag voorsien en niemand sal meer bang wees nadat MY boodskapper na julle gekom het nie. Hy sal julle met nuwe moed en ywer vir MY vervul, omdat EK dit vir hom sal gee om aan julle almal uit te deel, voordat die dinge gaan begin. MY planne is beter as die “slim planne” van die oormag en sonder dat hulle dit weet, het julle die oormag en nie hulle nie. MY krag kan

nie aan getalle gemeet word nie en daarom sal EK elkeen wat hom by MY skaar, met krag vervul, al is julle maar net ‘n klein bietjie gemeet aan die ander. MY kinders, verwag MY boodskapper en weet dat EK hom na julle stuur. Hy kom nie uit sy eie nie en wil nie met baie mense kommunikeer nie, maar doen MY werk, omdat EK dit vir hom gee om te doen. Sy grootste liefde is vir MY en daarom sal hy alles doen wat EK hom oplê. EK herhaal, verwag hom, want sy tyd is naby. Hy sal binnekort na julle kom en julle sal MY in hom herken, want hy het opdrag gekry om nie bekend te maak wie hy is nie. Ook mag hy julle nie sê dat hy deur MY gestuur is nie. Al wat hy mag sê, is die woorde wat ek hom in die mond lê. EK sal elke woord wat hy met julle spreek, SELF vir hom in die mond lê en hy sal MY gehoorsaam, omdat hy MY liefhet. Hy sal julle met nuwe moed besiel, omdat dit sy werk is en ook sal hy julle van MY planne inlig en dit sal julle buitengewoon met vreugde vervul, omdat julle nooit daaraan sou dink om op so ‘n manier, die vyand te oorwin nie. Daarom sê EK dat MY geheime planne die beste is en dat die vyand nie kan kers vashou teen MY planne nie. Luister na MY boodskapper as hy kom, want dit is EK wat met julle deur hom spreek. Dit sê EK julle weer, omdat EK julle baie liefhet en EK weet dat julle op MY wag. Gaan in vrede, MY kinders. Amen

# Hoofstuk 13

***15 Feb. 08 06:41***

Julle sal MY op die wolke sien kom en julle sal juig, omdat EK MY woord gestand doen en nooit MY beloftes aan julle vir niks maak nie. Alles wat EK julle belowe het, sal gebeur en julle sal elke ding nog met julle eie oë te siene kry. MY kinders, EK het gesê dat daar baie van julle sal wees wat vir MY julle lewens sal gee en nie MY koms op die wolke sal sien nie, maar dit beteken nie dat julle nie daarvan sal weet nie. Julle sal in volle geluksaligheid saam met MY kom om julle kinders en medebroeders te kom haal en weg te neem na die plek wat EK vir hulle berei het. Julle sal nou wel dan nie self op die aarde wees en MY so sien kom nie,

maar julle sal van alles bewus wees wat om julle aangaan en self ‘n baie groot aandeel daarin hê. Dit is nou almal wat vir MY sal sterf waarvan EK hier praat. Die keuse of jy sal bly leef tot die einde en of jy vir MY wil sterf nadat jy jou werk vir MY volbring het, sal jou eie keuse wees. Niemand word deur MY gedwing om vir MY te sterf nie, maar baie van julle sal al so moeg wees vir die aardse gemors, dat julle dit sal verkies om voltyds by MY te wees en nie deel te hê aan die dinge wat meer hier plaasvind nie. Daar is niks mee fout nie, aangesien die take wat vir MY gedoen moes word, dan alreeds voltooi is. Wanneer die take wat iemand vir MY moes doen voltooi is, sal EK hom/haar voor ‘n keuse stel en die meeste sal kies om na MY te kom. Dit sal die grootste oomblik wees vir so ‘n siel, omdat die volle hemel en alle gawes dan heeltemal oop sal wees voor daardie mens. EK sal alles aan hom/haar toon en in die grootste vreugde sal daardie mens dan wees. EK het ‘n spesiale plek berei vir almal wat vir MY gesterf het en daardie plek kan nooit oortref word nie. EK, julle Vader en Skepper, sal julle nooit mislei nie en EK sal ook nie van julle verwag om vir MY te MOET sterf nie, aangesien dit nie die rede is dat jy op aarde geplaas is nie. Maar vir die wat wil, is daar geen keer van MY kant af nie. EK sal julle egter elkeen met soveel krag toerus, dat julle die geloofstryd tegemoet sal gaan met die grootste krag en julle sal nie deur hulle gevang kan word, as dit nie MY en jou wil is nie, omdat julle almal Een met MY sal wees, en net soos MY dissipels van ouds, sal julle dan kan kom en gaan soos wat julle wil. EK het julle al dan teen daardie tyd vervul en julle is dan nie meer soos die normale mens nie. Krag sal julle vervul en niks sal julle kan stuit nie. Julle sal wees soos engele in mensliggame, wat net die gedaante aangeneem het sodat die ander nie moet skrik nie. Net soos MY engel Rafael wat MY gedien het op aarde, sal julle dan wees, maar julle sal nog steeds julle liggame hê. Wanneer jy dan egter kies om na MY te kom, nadat jou werk vir MY voltooi is, sal niemand jou meer kan keer nie en jy sal met liefde jou aardse liggaam aflê vir MY. EK is nog steeds in beheer en sal jou die nodige toestemming daartoe verleen, omdat jy jou werk voltooi het. Almal wat dan so vir MY sal sterf, sal geen pyn voel nie en met vreugde sal hulle jubel, omdat hulle ontslae sal wees van die liggaam wat nog altyd ‘n

hindernis was. Dit sal so wees vir julle as julle heeltemal Een met MY geword het en EK jou hele wese gevul het. EK sal na julle kom en Een met die word wat MY bo alles begeer en julle sal geen stryd tegemoet gaan soos ‘n swakkeling nie. EK sal julle almal met krag vervul en julle sal getuies vir MY wees. Ook die komende stryd wat vir julle op hande is, sal vir die wat Een met MY geword het, niks wees nie, omdat EK julle met alles sal voorsien wat julle nodig het om die stryd binne te tree. Die Gees van verskrikking sal dan ook wees wanneer die oormag vyande, julle sal sien soos wat julle regtig is en met skok sal hulle net hardloop, omdat hulle gedink het dat hulle met gewone mense te doen het. Maar hulle sal met MY te doen kry en hulle oë sal oopgaan en julle in julle glorie sien en hulle sal skrik vir die engelgedaantes wat hier voor hulle oprys. MY kinders, dit is dan nou ook die rede dat EK so op die wedergeboorte “hamer” en julle die hele tyd aanspoor om Een met MY te word voor die stryd begin, sodat julle met MY vervul kan word en MY krag kan ontvang. EK sal julle nooit verlaat nie, omdat julle dan heeltemal in MY ingegroei het en niks ons meer uitmekaar kan haal nie, omdat jou wil sal wees om die hele tyd by MY te wees. Onthou, niks kan enigiemand uit MY hande uitruk nie, behalwe jou eie wil, maar wanneer jy Een met MY geword het, is jou wil nie meer jou eie nie. Dit het dan oorgegaan in MY wil en daarom is Ons dan nou ook Een. EK sluit hierdie hoofstuk dan nou ook af met die volgende woorde: Soek die Eenheid met MY baie vinnig, want die tyd is min. Amen.

## Hoofstuk 14

***15 Feb.2008 07:32***

Julle almal wat MY Naam bely voor die mense wat julle daarvoor haat, sal die beloning kry vir dit wat julle vir MY gedoen het. Ter wille van MY het baie al gely en dit is hulle tot groot loon gegee en hulle sal dit weer ‘n keer vir MY doen, as EK hulle sou toelaat.

Baie van julle wat nou hier lees, was dan ook al vantevore hier op aarde in dieselfde posisie as wat julle nou is, maar omdat daar

nog baie siele is wat nog gered moet word en dit die aarde aan baie lig ontbreek, het julle met MY ‘n ooreenkoms aangegaan om weer na hierdie duistere aarde terug te keer, sodat julle MY siele kon kom help, wat so vasgevang in die boosheid sit. Baie mense sit vasgevang in hulle bose werke en weet nie eers dat dit boos is nie. Hulle dink dit is maar die verloop van die lewe. Jy kan mos nie alles uit jou lewe uitsny nie, of hoe? Wat sal jy dan kan doen as jy nie meer mag televisie kyk of musiek luister nie. En wat van die kinders? Watse plesier sal hulle dan hê as jy alles van hulle af wegvat? Dit is die kwelpunte van baie mense en met woede kyk hulle na die wat hulle kinders uit die moderne skole uithaal, sodat hulle My kan leer ken. Dit is die grootste fout wat julle in hulle oë kan maak en as jy jou eie lewe volgens MY wil rig, is jy ‘n regte bloukous. EK sien dit alles raak en weet dat hulle die fout begaan en nie julle wat MY wil gehoorsaam nie. Kom laat EK julle vertel wat met julle kinders sal gebeur. Julle kinders sal deur MY opgeneem word en EKSELF sal hulle leer. EK sal hulle die waarheid ongeveinsd leer en hulle sal gawes van MY ontvang wat geen skool hulle kan gee nie. EK sal hulle, engele van kleins af maak, en hulle sal MY ken. EK sal hulle Een met MY maak op ‘n baie jong ouderdom en hulle sal alles kan deursien en deurvors soos wat niemand anders, behalwe EK hulle kan leer nie. En die grootste van alles is dat hulle die ewige lewe van MY sal beërf en dit is die grootste geskenk wat enige iemand kan verkry. Waarom wil julle dan julle kinders van die wêreld leer, wat hulle tog niks in die sak inbring nie. Miskien wen hulle in die aardse opsig, maar sal die aardse en al sy toekennings nie ook vergaan nie? Wat is meer, die kennis van die aardse dinge, of die kennis van MY en MY dinge? Wat gaan jou kind die beste baat? Sy kennis van die ekonomie en wiskunde, of die kennis van sy Skepper en daarmee ook die wysheid en die liefde wat daarmee saamgaan? Wanneer jy jou kind van die verganklike leer, sal hy net vasgevang raak in die net, gespan vir MY kinders, en hy sal kwalik daaruit kan kom, behalwe deur MY hulp en deur baie gebed van julle kant af. Daarom moet julle nie ag slaan op die kennis wat die wêreld so aanblaas nie en nie bekommerd wees as jou kind nog nie kan lees as hy 5 is nie. Ek sal julle wel wys wat julle hulle moet leer wat die aardse betref. EK sê nie dat ‘n kind ongeletterd moet

wees nie en EK sal julle aansê om hulle te leer om te lees, maar op die ouderdom wat EK vir julle aandui. MY opvoeding sal hulle siele heel eerste ontwikkel, maar die opvoeding van die wêreld is net ingestel om hulle verstande te ontwikkel en daarmee sal hulle nie vêr kom in MY ryk nie. Die wat slim is op aarde en die aardse toekennings inryg, sal uiters dom wees in die hiernamaals, omdat die taal wat daar gepraat word, net geestelik is. Die taal van die wêreld is egter fisies van aard en die mens wat nie geleer het om geestelik te kommunikeer met MY nie, sal soos 'n domme daar anderkant sit en sal soos 'n klein kindjie eers moet leer om te praat. Daarom maan EK julle om MY kinders eers van MY te leer, en om die klem op MY en MY ryk te lê, sodat EK hulle in mense kan omskep wat MY bo alles liefhet. Iemand wat MY bo alles liefhet, is dan ook in staat om Een met MY te word en sal daardeur alle kennis van alles besit en sal dan 'n kind wat al baie jare op skool is, met alles kan oortref, omdat EK alles in hom/ haar is en EK alles ken en weet. EK sê vir julle dat die aardse kennis en begrippe niks werd is en dat julle MY eerste moet kom soek en EK sal aan julle wys hoe om julle kinders te leer. Die vermoeiende studie bederf die geestelike ontwikkeling en daardie persoon sal dan baie blind wees vir MY dinge. Leer MY heel eerste aan julle kinders, en hulle sal alles hê terwyl die topstudent van die wêreld niks sal hê nie, behalwe verganklike sertifikate en dalk baie geld wat tot niks uitloop. EK alleen is alles.

Amen

# Hoofstuk 15

***15 Feb.2008 07:55***

Tussen MY kinders heers daar 'n groot opgewondenheid oor die komende dinge en hulle almal is so vol vreugde oor wat om hulle gebeur. EK is daar teenwoordig waar hulle MY met vreugdeliedere begroet en in elkeen wat bly is dat die einde naby is, is EK teenwoordig. Julle moet vir MY lofliedere van vreugde sing en in MY bly wees, want EK, julle Verlosser kom alles vir julle regmaak. Wanneer alles verby is, sal julle MY in die vlees

sien kom en EK sal elke mens met MY Vaderarms omvou, sodat almal MY sal voel en MY sal liefhê met sy hele hart. Daar waar nog iets kortkom, sal EKSELF kom voorsien. Dit is, waar daar geestelik iets kortkom by iemand. Nadat julle almal by Migdol vergader is, sal EK in julle midde rondwandel en na elkeen van julle sal EK kom om julle te onderrig in MY weë en dit wat julle nog nie weet nie, sal EK aan julle almal bekendmaak. Julle sal almal vervul met nuwe krag, daarvandaan weggaan na die plek wat EK vir elkeen SELF sal gee. EK sal julle land seën en daar sal vrede heers soos nog nooit in enige land sedert MY Israelvolk in ballingskap weggevoer is nie. Julle sal almal van My seëninge persoonlik ontvang en MY loof oor alles wat EK aan julle gedoen het. Julle sal elkeen sy eie huis en blyplek van MY ontvang en EK belowe julle dat dit die grootste verwagtinge sal oortref. EK sal niemand vergeet nie en selfs die kleinste dingetjie wat in jou hart was, sal jy van MY ontvang. Dit sal die gawes wees wat EK aan julle sal gee, omdat julle MY bo die aardse dinge gekies het en alles wat jy verloor het, ter wille van MY, sal EK aan jou teruggee. MY kinders, EK sal julle liggaamlik seën, omdat EK weet dat julle nie meer verknog is aan julle aardse dinge nie en omdat julle alles opgegee het ter wille van MY. EK sal julle alles gee wat julle nodig het en elkeen sal dit persoonlik uit MY hand kom ontvang. Dit sal die blye dag wees waarop julle dan almal gewag het omdat EK dan ook persoonlik in elkeen van julle se harte en aardse huise sal woon. Waar is die huis wat meer geseënd is as die huis waar EK woon? Elke mens sal MY in sy huis huisves en daarom sal julle huise vir julle seën gee. Die grootste vreugde en vrede sal dan tussen julle heers en julle sal almal mekaar kan vertrou. Daar sal nie meer slotte wees nie en geen hekke sal daar wees om die skelm uit te hou nie. Geen diefwering voor julle vensters nie en julle kinders sal veilig wees waar ookal hulle speel. Is dit nie te wonderlik vir MY nie? Kan EK dit nie doen nie? Ja, net EK kan dit doen en net EK sal dit doen. Die beste is goed genoeg vir MY kinders, omdat hulle die Beste gekies het. Omdat EK eerste vir hulle almal was, sal hulle eerste vir MY wees. MY kinders, hierdie seëninge belowe EK vir julle almal en dit sal gebeur na die groot stryd in julle land verby is en voor die groot geloofstryd op hande is. Maar as die geloofstryd begin, sal julle

met vreugde julle aardse besittings weer ‘n keer vir MY opgee, omdat julle weet dat net EK belangrik is en julle sal met blydskap vir MY ly. EK sal julle daarna egter nie weer op hierdie aarde seën nie, maar die wat vir MY sterf, sal hulle seëninge en beloning in die hiernamaals ontvang. Die wat egter op die aarde bly tot die einde, sal hulle seëninge en beloning ontvang op die nuwe aarde wat EK spesiaal vir hulle geskep het. MY kinders, dit is net hierdie stryd in julle land wat julle “sonder krag” sal moet ingaan, omdat julle die geloofstryd sal ingaan terwyl julle almal, groot en klein, met MY Een is. Soek MY baie dringend, sodat jy nie eers die “swart stryd” in die land hoef in te gaan sonder die Eenheid met MY nie. EK het julle almal baie lief en sal almal na MY trek wat na MY wil kom. Dit belowe EK julle almal wat na MY soek.

Amen

## Hoofstuk 16

***17 Feb.2008 06:38***

EK, jou Jahshua wil vir jou wat hier lees, vandag vertel dat jy kosbaar is in MY oë. So kosbaar dat EK profete opwek in hierdie tyd om MY woord aan jou te bring. Die tyd is voorwaar min en almal wat na MY smag, sal meer van MY kry. Dit was die smagting in baie se harte wat MY ook laat besluit het, al het EK dit eeue gelede al besluit, om nuwe mense op te wek vir die verspreiding van MY onvervalste woord. Daar is vandag so baie vervalste weergawes van My woord en die ergste van alles is dat daardie verkondiger daarvan gewoonlik ‘n dienaar van die bose is en die krag van die bose ook het. Maar EK is genadig en sal hulle almal aan julle uitwys, sodat die mense, deur MY na hulle gestuur, die boosheid uit hulle sal dryf en baie mense verlos van hulle houvas. Julle besef nie hoe groot die bose se houvas oor julle kan wees as julle MY nie heel eerste stel in julle lewens nie. EK weet alleen hoe die bose jou vashou en wys dit ook aan MY knegte wat MY onvoorwaardelik wil dien. EK sal aan hulle wys hoe die bose iemand vashou sodat hy verlos kan word daarvan.

MY kinders, hoe nader julle aan MY kom, hoe meer krag sal julle van MY ontvang. EK sal julle seën met wonderlike krag, van MY afkomstig, en julle sal die bose net van die gevangene kan afhaal en verbreek, deur MY liefde wat in julle is. Die liefde oorwin alles. Selfs die bose. Baie van julle dink dat die liefde nie so belangrik is nie en dat deur net liefde te gee, niks sal verander nie, maar daar maak julle die grootste fout, omdat dit juis die liefde is wat die krag op sigself is. Kyk maar na jouself. Hoeveel maal het jy nie die persoon wat die meeste liefde uitstraal, benader nie? Jy sal eerder die persoon wat liefdevol is, vir iets gaan vra. Is dit nie so nie? Wie wil ‘n tiran iets gaan vra? En wie hoop om deur ‘n liefdelose persoon gehelp te word, wanneer dit nie tot voordeel van die liefdelose self is nie, sal baie gou in sy hoop verydel raak. EK sê julle dat liefde die allesoorheersende faktor is van elke mens se lewe, want was dit nie vir MY Liefde vir julle nie, het EK julle almal al lankal verdelg. MY kinders, sorg dat julle allesoorheersende liefde vir mekaar kry, want dit alleen is alles in alles. EK alleen is die liefde en wanneer jy liefde het, het jy MY ook. Sorg jy maar net dat jy MY so lief as moontlik kry en EK sal vir die res sorg. Kry MY lief en jy sal sommer vir jou naaste ook lief word en die stryd wat jy met jou naaste aan die gang gehad het, sal sommer vinnig vergewe word en jy sal daardie broeder van jou met nuwe oë bekyk. Dit is die waarheid en julle kan MY daarin toets. EK sal nooit vir julle lieg nie, MY kinders en julle sal weet dat dit die waarheid is, wanneer julle dit eerstehands ondervind. Wees vir MY lief en alles sal vir jou ten goede meewerk.

Amen.

# Hoofstuk 17

***17 Feb.2008 06:54***

In vandag se tye is daar baie verkeerde leerstellings wat die mense ‘n heel verkeerde indruk van hulle Skepper en Vader gee. EK sal julle egter in die lig stel, wat julle moet weet van MY. EK is ‘n vergewensgesinde Almagtige Vader, wat nie julle oortredinge

vir altyd en ewig teen julle hou soos wat baie van julle dink nie. EK is baie liefdevol, omdat EK net liefde is en daarom sal EK nooit ‘n sondaar wat berou het oor sy sondes, verdoem nie. EK sal almal wat na MY kom met berou in hulle harte, en ‘n vaste voorneme om sy lewe te verbeter, tegemoet kom en aan hom die Verlossing skenk. EK is die Verlossing en daarom sal hy, deur na MY te kom, verlos word van al sy sondes en oortredinge wat ‘n houvas op sy siel gehad het. Niemand mag oordeel nie. Selfs nie eens EK, wat alle mag in MY hande het, oordeel die mense nie, maar MY woorde oordeel almal wat verkeerd gedoen het volgens sy dade, as hy nie na MY kom om vergifnis nie. EK dra almal se laste wat na MY kom en hulp vra. EK dra dit vir hulle met MY liefde en sal niemand afwys wat na MY kom met die grootste hartseer in sy hart nie. Niemand is by MY beter as die ander een nie. Selfs nie eers MY profete of skryfknegte is beter as enigiemand anders nie. Dink julle dat MY profete dit uit hulle eie is? Het julle dalk een van hulle geken voordat EK met hom/haar gepraat het, sou julle geweet het dat dit net so ‘n gewone mens soos jyself is. Al verskil, is dat MY skryfknegte en profete MY die hele tyd gesoek het en daardeur gevind het. Hulle was dan ook die enigstes op daardie stadium wat MY woord aan julle kon bring, omdat niemand anders hulleself so oop gestel het vir MY woord soos juis hulle nie. EK weet ook waarom EK dit in hulle harte gelê het om MY so dringend te soek en selfs nie eers die dringende soeke na MY, het uit hulleself gekom nie. Dit was alles uit MY uit. Daarom sê EK vir julle om nie iets van iemand anders te maak nie, omdat niemand in MY oë meer as die ander een langs hom nie. Julle het elkeen vir MY ‘n spesiale taak en die een wat meer doen as die ander een, het homself net meer vir MY aangebied en sal daarom ‘n groter taak as die ander ontvang, wat net ‘n bietjie van homself aangebied het. Julle moet ook nie dink dat daar in MY hemele onderskeid gemaak word tussen MY aartsengele en die ander nie. Daar is baie van MY gevalle engele wat weer teruggekeer het, nadat hulle die weg deur die skepping voltooi het, en hulle is met ope arms deur hulle Enigste Vader aangeneem en daar is groot fees gevier met hulle intrede in die hemel. Dit is mos die verhaal van die verlore seun waarvan julle almal nou al goed op hoogte is. As sekere engele nie eers meer

spesiaal as hulle ander broers is nie, waarom sal EK dan nou tussen julle mense gunstelinge hê wat bo die ander bevoordeel word, net omdat EK hulle dan nou kwansuis liewer sou hê as die ander? Nee MY kinders, die waarheid is dat nie eers die grootste sondaar in MY oë, minder werd vir MY is as sy reine broer langs hom nie. EK sal die reine en die onreine aanneem wanneer die onreine homself aan MY kom oorlewer. EK sal hulle almal teen MY bors vasdruk en die een sal nie ‘n voorkeur plek kry en die ander een ‘n afskeepplek nie. Daar is nie ‘n afskeepplek by MY nie en net EK alleen kan duisende tegelyk vashou, sodat elke een teen MY bors lê. Dit is die misverstande wat EK by julle wil opklaar oor MYSELF, omdat EK sien dat baie van julle baie minderwaardig voel teenoor MY knegte en profete, wat heeltemal oorbodig en onnodig is. EK het letterlik almal ewe lief, maar julle moet onthou dat EK net van MY eie volk praat en nie van die ander nasies wat elk ‘n ander plek by MY het nie. EK het hulle ook geskape en daarom het EK hulle ook lief op ‘n ander manier as wat EK julle liefhet. Julle is MY lieflingvolk wat EK tussen almal uitverkies het en net dáár het EK MY gunsteling, maar egter nie tussen broer en broer nie. Die ander volke is nie julle broers nie en sal ook nooit saam met julle in dieselfde ryk kan ingaan nie. EK het ‘n ander plek vir hulle berei waar hulle bymekaar sal wees omdat selfs hulle, nie eers met julle wil meng nie. Satan het met sy groot ‘slim’ planne gedink dat hy almal sal laat meng en sodoende MY uitverkore volk tot niet kan maak, maar hy het nie rekening gehou met MY en MY liefde vir julle nie en daarom het hy al klaar verloor, al lyk dit nie vir julle so nie. Die groot plan was om al die volke van regoor die wêreld in een groot ”skottel” te gooi, sodat hulle met mekaar sal begin trou. Ongelukkig het baie vir sy plan geval en het onherroeplike skade aan hulle siele verrig, deurdat hulle met die ander nasies ondertrou het. So ‘n siel sal nooit weer reg kan kom nie, al sal hy nie verlore gaan, wanneer hy ware berou daaroor het nie, maar die skade is klaar aangerig en die blindheid in so ‘n siel is dan baie groot, omdat die siel van so mens met totale blindheid geslaan is. Die mens sal baie moeilik sy fout insien en sal hamer op MY liefde vir almal. Maar selfs in MY skepping is daar skeidslyne en nie eers die diere oortree dit nie. Nou, die mens is dan die kroon van My

skepping en waarom sal EK hulle wil besoedel, deurdat EK hulle sal laat vermeng? Moenie dink dat EK daarin ‘n behae het nie, omdat dit MY pynig om die mengelmoes van mense te sien, waarvan daar ook van MY kinders tussen hulle is. MY guns het op die kinders van Abraham en Sarai geval en by hulle sal EK bly, want EK het hulle alleen uitverkies as MY volk. Dink nie dat EK die ander nasies haat nie. Daar is geen haat by MY nie, behalwe vir die bose werke en selfs die bose mens sal deur MY aangeneem word, as hy sy bose werke staak. Die ander volke is soos die mooie skepping vir MY. Pragtig soos wat EK hulle gemaak het, maar nie die kind wat EK teen MY bors wil vasdruk en koester nie. Nie die kind waarvoor EK die wonderlikste dinge berei het nie. Jy gee tog nie jou beste besittings aan ander mens se kinders nie? Hoeveel mense stel nie ‘n testament ten gunste van hulle eie kinders op nie? Dit sal net die ouers se kinders geval om hulle besittings te beërwe en dit is dieselfde met MY. EK sal voorwaar ook wonderlike dinge vir die ander nasies gee, wanneer hulle MY en MY kinders eer en respekteer en EK sal hulle nie verdelg wanneer hulle in vrede op hulle eie langs MY kinders lewe nie, maar wanneer hulle hulle hande aan een van MYNE sal slaan, sal EK ook teen hulle optree, en dit is dan ook wat nou in julle land gebeur het. EK het hierdie land aan julle gegee en met haat en jaloesie het die ander mense na julle gekyk en wou dit uit julle hande neem. Met slinkse planne het hulle julle dan ook ‘n rat voor die oë gedraai om aan julle te vertel dat julle verkeerd gehandel het in die verlede en dat julle om vergifnis moet vra aan die ander nasies wat dan nou so sleg deur julle behandel is. MY kinders, maar hierin was ook vir julle ‘n les te leer, omdat julle moet besef dat julle nie julle kos vir die honde moet voer nie. Wanneer ‘n kind tussen die honde gaan sit om te eet, sal hy sy kos verloor, omdat die honde dit van hom sal afvat, en net so was dit met julle. MY waarskuwings aan julle om julle nie met die ander nasies te bemoei nie, het op dowe ore geval en met afgryse moes julle toekyk hoedat julle alles verloor het, en nou deur hulle vertrap word. Maar net soos wat julle nie julle kinders tussen die honde sal los, sodat hulle alles kan opvreet nie, sal EK julle ook nie los nie en EK sal julle kom uithaal en aan julle iets nuuts gee en net soos die kindjie wat gehuil het, omdat

die honde sy koekie gevat het, en nou daar weg sal bly, sal julle ook julle les leer en nie weer julleself met die ander nasies bemoei nie. Tot voordeel vir julle en hulle, omdat julle nie weer sal verloor wat EK julle gegee het nie, en omdat hulle nie weer raas sal kry en straf sal moet dra vir wat hulle aan julle gedoen het nie. Daarom moet julle nie skuldig voel wanneer EK julle teen MY bors vasdruk en hulle net MY krummels gee nie, want dit is hoe EK dit wil hê. Elke een van hulle wat MY volk goed behandel het, sal dan ook seëninge uit MY hande ontvang en EK sal hulle nie saam met die moordenaars en vertrappers van MY volk uitdelg nie en in vrede sal hulle, na die groot stryd tussen julle en julle verdrukkers in julle land, op hulle plek bly wat EK vir hulle sal aanwys en daar sal vrede en seëninge heers. Eerstens vir MY kinders en daarna vir hulle.

Amen.

## Hoofstuk 18

***18 feb.2008 08:20***

Julle het seker al gewonder waarom mense met mekaar trou en waarom daar huwelike is wat op die rotse uitloop. Baie mense is gelukkig getroud tot die dag dat een van hulle sterwe en dan wil daardie weduwee of wewenaar nooit weer trou nie. MY kinders, daar is baie dinge op die aarde en in My ryk waarvan julle niks weet nie. EK wil dit aan julle verduidelik. Daar is engele in MY ryk wat aan MY belowe het om weer na die aarde terug te keer en dan doen hulle dit ook. Sekeres het dan ook besluit om herhaaldelike kere na die aarde te kom en sodoende die ander mense op die aarde te help, maar daar is engele wat net een keer na die aarde kom en dan weer by MY ander engele in die hemele vergader word. Die wat met MY ‘n ooreenkoms aangegaan het om herhaaldelike kere na die aarde te kom, het dan ook ‘n baie belangrike taak op aarde en wil dan nie met die wêreldling trou en een word nie. Nou, MY kinders is die volgende wat EK vir julle wil verduidelik ‘n bietjie hoog vir julle om te begryp en sal dit moeilik wees om te verstaan as jy dit nie met MY GEES

lees nie. Die engel wat besluit om herhaaldelike kere na die aarde te kom, word dan in stukke of gedeeltes na die aarde gestuur. Byvoorbeeld: Die engel Michael is deur MY na die aarde gestuur in die vorm van Sehel. Daar is ‘n “stuk” van Michael in die mens Sehel. ’n Ander gedeelte is in die vorm van die mens Purista, wat ook in die tyd van Adam en Eva geleef het. Sehel en Purista was dan deel van mekaar omdat hulle deel van dieselfde engel was. Nou, nadat hulle gesterf het, is hulle siele of “stukke”, weer bymekaar gevoeg, al is hulle twee verskillende mense. EK het hulle aan mekaar gegee in die hiernamaals. Daarna is daar weer “stukke” van die engel Michael na die aarde gestuur in die vorm van Elia, en daarna Johannes die doper. Daarom sê EK dat Johannes die doper, Elia is en ook Sehel en ook die engel Michael. MY kinders, daarna is daar weer mense na die aarde gestuur wat deel is van die engel Michael onder andere Johanna Brandt, wat julle almal ken deur die profesieë wat EK deur haar aan julle gegee het. Nou in die “moderne tyd”, is die engel Michael weer teenwoordig en sal hy weer vir MY belangrike werk verrig. MY seun wat vir MY sal werk se vrou is ook deel van die engel Michael en EK het hulle met ‘n doel aan mekaar gegee. Met reg kan jy dan sê dat die vrou wat deur MY aan jou gegee is, jou ander helfte is. Daarom is party huwelike so geseënd en ander huwelike loop op die rotse. Wanneer jy jou eie huweliksmaat kies, sal jy die verkeerde helfte kies. Deur geslagtelike gemeenskap word die twee siele heeltemal een en wanneer jy die verkeerde maat het, sal die siele ‘n afkeer in mekaar ontwikkel en later sal hulle skei. Daarom waarsku EK julle ook teen wellustigheid, omdat dit die eenwording met die verkeerde maat bewerkstellig. Voordat jy met die meisie van jou drome of die man van jou drome trou, moet jy eers dubbeld seker maak of die mens waarmee jy jouself gaan verenig, die regte mens is, wat deur MY na jou gestuur is. Daarom moet MY seën eers gevra word voor die huwelik plaasvind. In die dae van MY hoëpriesters, is daar deur MY aan hulle gewys of die mense wat wil trou, wel die regte huweliksmaats vir mekaar is. Maar in vandag se tyd is die predikante so vêr van MY verwyderd, dat niemand eers bewus is van die fout wat hulle maak deur twee verkeerde mense met mekaar te laat trou nie. EK sal die wat MY

liefhet egter lei en hulle sal die regte keuse maak en EK sal hulle help, en vir hulle die regte weg aanwys. Tydens die lewe van Johannes die doper was die vrou Maria Magdalena ook teenwoordig en sou die omstandighede anders gewees het, sou sy met Johannes die doper moes trou, omdat hulle altwee van die engel Michael deel is. Na die dood, is hulle egter deur MY verenig, omdat hulle deel is van mekaar en ook deel van die ander mense wat deel is van die engel Michael. Wat dan nou ook gebeur, is dat daar verskillende mense vandag leef en wat deel was van byvoorbeeld Aäron. Nadat Aäron te sterwe gekom het, is hy ook verdeel in ‘n paar “stukke” en het op verskillende tye na die aarde gekom om weer MY woord aan ander te bring. MY kinders, EK doen dit nie uit MY eie uit en dwing hulle daartoe nie. Nee, dit is hulle eie keuse en MY kneg Aäron wou graag op dieselfde tyd op die aarde wees. Daar is vandag drie persone wat deel is van MY kneg Aäron en hulle sal mekaar dan ook leer ken en mekaar ontmoet. MY kinders, hulle is ook almal deel van ‘n ander engel en daarom sê EK dat julle julle broers moet liefhê, omdat julle nie weet wie deel is van dieselfde engel as jy nie. Nou moet EK ook bysê dat almal nie uit die engele uit is nie, omdat baie mense uit die skepping uitkom. Wel is hulle ook uit die engele, maar nie uit die engel wat direk van MY hemele afkomstig is nie. Die wat uit die skepping uitkom, is deel van die gevalle engele en dan deel van die “verlore seun” wat tuiskom. MY kinders, dit is nie te sê dat die mense wat uit MY aartsengele uitkom en deel is van hulle, MY gunstelinge onder die mens is nie. Daar is nie iemand soos gunstelinge tussen MY kinders nie. EK het almal ewe lief, of jy nou deel is van die engel Michael, en of jy nou deel is van ‘n gevalle engel wat uit die skeppingsdeeltjies uitkom. EK het almal ewe lief, omdat almal deel is van MY GEES en EK wil elke “greintjie” van MY GEES weer terug hê. Niemand is meer spesiaal as die ander een nie. Wees daarvan verseker dat MY liefde, vir elke mens is, nie net die regverdiges is geregtig op MY liefde nie. Selfs die sondaars sal deur MY met liefde omvou word wanneer daardie sondige mens weer na MY keer. My engele jubel wanneer iemand weer tuiskom, al is hy nog op die aarde in ‘n menseliggaam, omdat hy/sy ook deel is van MY engelskare wat almal broeders is. Julle

almal is broeders, omdat MY GEES die basis is van al die lewe, en MY GEES in julle, moet net ontwikkel word tot volle geloof en liefde in MY. Wanneer MY GEES in jou nog nie ontwikkel is nie, is jy nog sondig, maar nie minder die broer van iemand wat alreeds geestelik ontwikkel is nie. Geestelike ontwikkeling maak van julle net nadere broers wat mekaar alreeds ken en die broer wat nog nie ontwikkel is nie, is net verder van julle af, maar nog steeds julle broer. MY kinders, poog om die mense wat nie MY GEES in hulle alreeds ontwikkel het nie, te bearbei sodat hulle ook kan tuiskom en vryheid en liefde van MY geniet. EK sal julle almal nog nader inlig van hierdie onthulling wat EK aan julle gemaak het, maar op ‘n latere stadium, wanneer julle meer ontwikkel is. Julle moet egter nou eers aan hierdie stukkie brood kou en herkou, voordat EK julle weer verder hiervan vertel. Dit is MY woord aan julle vir vandag.

Amen.

# Hoofstuk 19

***18 Feb.2008 09:06***

In die tyd van MY lewe op aarde was daar baie mense wat My aanbid het as ‘n towenaar en EK moes MYSELF aan daardie mens in die regte lig stel. EK wil nie aanbid word soos ‘n towenaar nie, maar iemand wat MY liefhet is vir MY welgevallig. MY kinders, EK het dan ook aan hulle verskyn na MY opstanding en hulle het MY nie herken nie. EK het hulle dan op so wyse bearbei dat hulle MY liefgekry het en dan eers het EK vir hulle gesê wie EK was, nadat hulle vreeslik lief geword het vir MY. Dit is dan ook wat EK vir julle op die hart wil druk. EK wil hê dat julle liefde moet uitstraal, sodat mense julle sal aanhoor omdat julle liefdevol is. Wanneer julle MY woord met die swaard in die hand gaan uitdra, sal julle die mense eerder afskrik en nie vir MY wen nie. Ek wil hê dat julle so sagmoedig soos die duiwe moet wees omdat niemand ’n duifie skade kan aandoen nie. Wel sal daar mense wees wat julle vyandig gesind is soos die roofdier wat niks voel vir die duifie nie, maar die mens met ‘n hart, sal vir MY

knegte luister en hulle liefkry wanneer EK hulle (My knegte) na hulle stuur. Deel liefde uit en nie die oordeel nie en julle sal vir MY kosbare arbeiders wees. Wanneer julle die koring van die land gaan afhaal, sal julle nie te rof te werk kan gaan nie, anders sal al die koringkorrels langs die pad val en nooit in die pakhuis beland waar dit in sakke gegooi kan word nie. Die koring sal dan deur die voëls en ander diere opgevreet word en nie by MY uitkom nie. Die voëls en ander diere stel dan ook die wêreld en sy verlokkinge voor wat die mens wat te hardhandig behandel is, sal vang en verslind. Wees MY goeie arbeiders waardig en doen MY werk met liefde vir julle broeders.

Amen

## Hoofstuk 20

***19 Feb.2008 07:34***

EK het vandag vir julle almal iets spesiaal en dit is MY liefde vir julle. EK sal MY liefde oor elke een uitgiet omdat EK weet dat julle MY liefhet. Dink die hele dag aan MY en EK sal julle ook gedenk. In die tyd wat kom, sal julle baie dinge op julle weg ervaar wat vir julle vreemd gaan wees, veral vir die wat binnekort Een met MY sal wees. EK het byvoorbeeld gisteraand vir MY skryfkneg gesê dat sy haar broer en sy gesin in Engeland sal gaan haal, net voor die stryd begin. Dit is vir haar vreemd gewees en sy het nie geweet dat sy binnekort weg sal moet gaan nie. Daar lê vir elkeen van julle nog baie dinge voor, maar weet net dat EK vir julle almal die krag en die mag sal gee om te doen wat julle moet. EK sal julle nooit verlaat nie en EK wil hê dat julle almal vir MY ook sal opstaan soos wat EK vir julle opgestaan het. EK het vir julle opgestaan uit die dode, omdat EK julle baie liefgehad het. MY kinders, EK kon netsowel dadelik na MY ryk gegaan het en nooit weer na hierdie stinkende aarde terug gekeer het nie. Maar uit MY liefde vir julle, het EK weer na hierdie plek gekom en aan julle gewys dat EK julle baie liefgehad het en nog steeds het. EK het aan julle kom wys dat EK die dood oorwin het en daardeur is baie ander, wat nie voor MY kruisiging gered is

nie, gered. Deurdat julle vir MY sal opstaan, sal julle baie ander lei en red deur MY krag en mag. EK sal niemand van julle, wat vir MY wil werk, net so los nie en EK is bewus van die feit dat MY boodskapper nie kan wag om met sy werk te begin nie. EK sal hom egter nog so ‘n klein rukkie kans gee en voor hy weet, sal EK hom kom haal sodat hy vir MY kan werk. EK het My redes hiervoor en net EK weet waarom EK dit so sal doen. EK kan MY eie tye verander net soos wat EK wil en niemand kan een woord daarvan sê nie. Maar wees gerus, hy sal nog by julle uitkom en julle in MY Naam versterk en julle van al MY geheime planne inlig. Die tweede boodskapper sal dan net na hom uitgaan en julle verder inlig en ook kom bevestig wat die eerste boodskapper gesê het. Julle moenie twyfel aan MY woorde nie en alles glo wat EK vir julle sê. MY kinders, staan op in MY Naam en doen wat EK julle oplê om te doen en julle sal nooit verkeerd handel nie. Bly by MY en EK sal julle deur hierdie stryd dra. MY knegte, julle sal weer knegte van die Allerhoogste genoem word soos wat julle altyd vir MY gesing het. Weliswaar was daar maar net ‘n handjievol wat dit bedoel het en ook net hulle sal deur MY gered en beskerm word. Selfs die wat in ander lande sit, moenie bekommerd raak wanneer dit lyk of julle nie weer sal kan terugkom nie. EK SELF sal julle daar gaan haal en julle bring in die land waar julle dan graag wil wees, om saam met julle medebroeders en susters te stry. EK sal al MY kinders van regoor die wêreld hier vergader, maar die uitlanders sal eers na die stryd hierheen kom. MY kinders van Suid-Afrika, wat graag saam met hulle broers hier, alles wil deurmaak, sal egter deur MY voor die stryd hierheen gebring word, sodat hulle saam met die ander kan ly. EK weet waarom EK dit doen en EK wil hê dat julle absolute vrede in julle harte moet hê, al sit jy in ‘n ander land en daar is nie ‘n manier dat jy hierheen kan vlieg nie. EKSELF sal julle gaan haal en julle hierheen bring. Al wat julle moet doen is om daar vir MY en MY volk op te staan en al kry julle teëstand, moet julle weet dat dit die manier is dat julle vir MY moet ly daar vêr oor die see. Die ander lande se mense en veral die mense van Engeland, is die Boere aan hierdie kant glad nie goedgesind nie en veroordeel hulle vir die manier waarop hulle te werk gegaan het deur al die jare en deurdat daar Suid-Afrikaners sal

opstaan en vir MY Naam en volk sal veg, sal hulle vir hulleself baie moeilikheid op die hals dra, maar wees nie bevrees nie, EK sal julle ook daar gaan uithaal en julle sal almal veilig hier wees, nog voordat die ander julle in die tronke kan stop. Dit belowe EK ook vir MY kinders in die verre lande, wat MY Woord getrou lees en navolg. Gaan in vrede, MY kinders en weet dat EK nie een van julle sal vergeet nie.

Amen.


# EINDE

## Ander eindtyd profesieë en boeke beskikbaar by die uitgewers:




**Maak en Breek** deur Louise Snyder. Profesieë vir die eindtyd. Koopprys R10 elk

R70 vir 10





**Golgota** deur Louise Snyder. Profesieë vir die eindtyd. Koopprys R20 elk

R150 vir 10





**Die Bevryding** deur Louise Snyder. Profesieë vir die eindtyd. Koopprys R20 elk

R150 vir 10



**Openbaringe aan Bertus Hanekom Deel 1 tot 3**. Profesieë vir die eindtyd. Koopprys R10 elk; R70 vir 10




**Die Twee Getuies** deur Marietha Nel

Profesieë vir die eindtyd. Koopprys R10 elk; R70 vir 10




**Dogter van Sion, huis op die rots**.

`n Kort oorsig van die tot standkoming van die Dogter van Sion huis.




**Profesieë aan Judith de Beer— 1 tot 162**

Profesieë vir die eindtyd. Koopprys R20 elk; R150 vir 10





**Geloftevolk Ontwaak** deur Susan Pöhl Oor die Boervolk aan die eindtyd.

Koopprys R30 elk; R200 vir 10





**Die Melgisédek-orde** deur Dirk van Vuuren `n Omvattende studie oor hierdie onderwerp

Koopprys R30 elk; R200 vir 10




**Openbaringe aan Anelda Nel - Deel 1**


Profesieë vir die eindtyd. Koopprys R10 elk; R70 vir 10



**Openbaringe aan Marietha Nel - Deel 1**

Profesieë vir die eindtyd.

Koopprys R10 elk; R70 vir 10



**Openbaringe aan Louise Snyder - Deel 1**

Profesieë vir die eindtyd.


Koopprys R10 elk; R70 vir 10

# Ander eindtyd profesieë en boeke beskikbaar by die uitgewers:





**Wat van die Uitver-kiesing** deur Bertus Hanekom. `n Pragtige uiteensetting deur ons Meester.

Koopprys R10 elk



**Julle moet wedergebore word:** deur Marietha Nel. Aanwysings oor hoe ons te werk moet gaan om die wedergeboorte te bereik.

Koopprys R10 elk





**Op Golgota - Boek 2**

`n Voortsetting van ***Golgota 1*** en ***Die Bevryding***. Profesieë vir die eindtyd.


Koopprys R20 elk

# Ander boeke versprei deur die Jakob Lorber Stigting



Eksklusief en uniek! Jesus se geboorte en sy reis as baba saam met Josef en Maria na Egipte. 640 bladsye vol geestelike voedsel wat jou sal laat huil en lag. Prys R125


Jesus raak weg op Sy twaalfde jaar en sy ouers kry Hom, besig om die owerstes in die tempel te leer. Lees hierdie merkwaardige getuienis deur Jesus Self gedikteer. 96 bladsye @ R45









Hierdie Nuwe Openbaring van Johannes is Jesus se belofte in Openbaring 10, van 'n boekie vir die eindtyd, soet in die mond en bitter in die maag. Lees hierdie wonderverhaal, in **11 boeke** van ongeveer 700 bladsye elk, waar Jesus in Sy eie woorde, Sy hele 3,5 jaar waarin Hy vir die volk gepredik het, breedvoerig verhaal. Wonderlike en leersame leesstof. Prys R125 elk




**HUISHOUDING VAN GOD:** Hierdie reeks, in drie dele geskryf, elke boek ongeveer 700 bladsye elk, verhaal die geskiedenis vanaf Adam se skepping tot by Noag se vloed. Hierdie boek het vroeër bekend gestaan as "Die oorloë van JaHWeH". Vertel in die Skepper se eie woorde, soos gedikteer aan Sy kneg, Jakob Lorber. Hier lees u van die ongelooflike groot liefde wat ons Vader in die Hemel vir Sy kinders het, u leer hoe die ou stamvaders geleef het, hoe Kain se nageslag meer en meer verwêrelds het en uiteindelik die oorsaak was van die Noagietese vloed. Prys 150 elk.




Hierdie reeks van 2 boeke, handel oor Robert Blum, 'n Oostenrykse aktivis, wat doodgeskiet word voor 'n vuurpeleton. Hy kom anderkant in die doderyk aan en word op wonderbaarlike wyse deur Jesus Self gelei vanuit 'n duistere toestand na die volle lig van die Nuwe Jerusalem. Ook in Jesus se eie woorde. 460 bladsye @ R100. elk








Jesus vertel ons hoe die berge, wolke, reën en sneeu funksioneer, Hy beskryf die kleinste vorm van lewe. Waarlik ´n wetenskaplike meesterstuk. 108 bladsye, prys R50.

Twee dele. Hier neem Jesus ons saam in die Hemelse sfere in, na verskillende plekke waar die gestorwenes hulleself bevind. U sal voorwaar verstom staan. Spannend en leersaam. 444 bladsye @ R100 elk.




60 bladsye deur Jesus gedikteer, maklik verstaanbare genesingsvoorskrifte om die siel van die mens te genees. Sodoende genees die siel self die siek liggaam. Prys R20




Hier leer Jesus ons hoe die aarde saamgestel is as lewende organisme, alles binne, op en bo die aarde word beskryf. Ook is die maan, ´n strafkolonie van die gestorwenes in die hiernamaals. 288 bladsye @ R100.

## Profesieë van Bertha Dudde

Die volgende reeks boeke wat gelys word, is direk deur Jesus aan Sy profeet, Bertha Dudde, wat in 1965 oorlede is, gegee. Hierdie reeks beskryf die eindtydgebeure, waarskuwings aan die mense op aarde en ander leersame gegewens. Werklik wonderlike leesstof vir diegene wat ´n intense verlange het om die Stem van Jesus Christus te hoor, en om self deur Hom geleer te word. Boekies varieer van 40 bladsye tot 90 bladsye en kos R20 elk. Bestel meer as 10 boeke, en u kry dit halfprys.

